UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
5 APR 1944
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
LIBRARY

VERHANDELING

"ONTWIKKELING VAN BOFBAL IN DIE WESTELIKE PROVINSIE"

INGEHANDIG TER VERKRYGING VAN DIE

B. Ed. Ph. GRAAD AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.

NOVEMBER 1943.

Deur

J.A. Brink.

--oooOooo--

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

INHOUDS OPGAWE.

HOOFSTUKKE.	BLADSYE.
1. Inleiding	1
2. Metode van Ondersoek.	2
3. Literatuur Bespreking.	3
4. Ontstaan van Bofbal.	4
5. Ontstaan hier in Suid-Afrika.	8
6. Stigting van Bofbal in die Westelike Provinsie	10
7. Stigting van Klubs in die Westelike Provinsie	12
8. Ligas en Kampioene	19
9. Inter-provinsiale en ander verteenwoordigende wedstryde teen spanne van elders	23
10. Wedstryde tussen Universiteit Stellenbosch en Universiteit Kaapstad en Intervarsities	27
11. Algemene Vordering en Ontwikkeling	29
12. Gevolgtrekking oor ontwikkeling en vordering wat Bofbal gemaak het	37
13. Waarde van Bofbal as spel in die Algemeen en as Skoolspel	44

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1.

INLEIDING.

Ek het hierdie onderwerp gekies aangesien ek 'n Bofbal-entoesias en speler is en belang stel in hoe 'n mate hierdie Amerikaanse spel hier in die Westelike Provinsie wortel geskiet het.

Hierdie oorspronklike stuk navorsing sal aan ander entoesiaste van die spel 'n beknopte weergawe bied van die ontwikkeling van die spel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2.

METODE VAN ONDERSOEK.

Al die inligting of besonderhede wat nodig was om die skripsie te skrywe het ek uit die volgende bronne gekry:-

(a) Argiewe van Mnr G. W. Lyon, wat bestaan uit uitknipsels, van 4 verskillende koerante nl. Die Burger, "Cape times", "Cape Argus", en Die Suiderstem en ook van 2 tydskrifte nl. Die Huisgenoot en "The Outspan".

Die uitknipsels strek vanaf Junie 1932 tot April 1943. Mnr Lyon wat 'n groot Bofbal geesdriftige is het alles omtrent Bofbal wat in genoemde nuusblaaie en tydskrifte verskyn het, uitgeknip en gehou.

(b) Argiewe van Die Burger. Hier het die Sportredakteur die besonderhede aan my verstrek.

(c) Gegewens verstrek deur Mnr Lyon wat dit van Mnr Geo Williams gekry het. Laasgenoemde het die notule van die W.P. Bofbal Vereeniging nageslaan om die gegewens te kry.

(d) "America Learns To Play" deur Foster Rhea Dulles. Behalwe 'n paar gegewens wat ek dus indirek van die notules gekry het, het die grootste gedeelte van die besonderhede geput uit ons dagblaaie. Aan die betroubaarheid van die gegewens kan dus nie getwyfel word nie, daar die notules van die W.P. Bofbal Vereeniging, ~~tog~~ wat 100% betroubaar is, tog maar weergegee is in die koerante. Alle informasie omtrent die aantal spanne, ligas en die stigting, het die nuusblaaie direk van die W.P. Bofbal Vereeniging gekry.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3.

LITERATUUR BESPREKING.

Ek het al my gegewens uit die nuusblaaie gekry en aangesien dit die eerste keer is, wat so 'n ondersoek hier in ons land gedoen is, was daar g'n literatuur oor die ontwikkeling van bofbal in die Westelike Provinsie tot my beskikking nie.

Net in verband met die algemene ontstaan het ek die boek van Foster Rhea Dulles "America Learns to Play" gelees. Daarin gee hy 'n kort beskrywing van die ontstaan en vroegste ontwikkeling van die spel. Dit behandel ek in hoofstuk 4 en is dit onnodig om nou daaroor uit te wy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4.

ONTSTAAN VAN BOFBAL.

Vir meeste van ons is bofbal 'n spel wat nie te baie jare gelede ontstaan het nie, maar alhoewel nie presies soos ons hedendaagse spel nie, was so lank ~~ons~~ gelede as 1344, 'n spel gespeel met die naam van "Club Ball" waaraan beide mans en vrouens deelgeneem het. Die kenmerke van "Club Ball" kom baie ooreen met ons hedendaagse metode. Die volgende sin laat duidelik die ooreenkoms uitkom en gee ons ook 'n idee van hoe die spel in werklikheid gespeel was, "The woman tossed the ball to the man who raised his "club in an endeavour to strike it, while others stood round to catch the ball". [1]

Of "Club Ball" dieselfde spel is wat ons vandag "Rounders" noem kan nie gesë word nie, maar die ooreenkoms is tog baie ooglopend.

Daar is ook 'n ander bewering dat bofbal ontstaan het van 'n spel wat die Indiane in Amerika gespeel het. [2] Dit is ook 'n moontlikheid, omdat Bofbal die Amerikaners se nasionale spel is en daar ontstaan het. Dit is moontlik dat die Europeane die spel oorgeneem het en toe met die gang van jare dit so uitgebrei en ontwikkel het tot die moderne Bofbal.

'n Ander bewering is dat Bofbal afkomstig is van 'n spel wat vroeër in Amerika gespeel is nl."Old Cat" [3] .

Dan is daar persone wat beweer dat dit van "Rounders" afkomstig is [4] .

Soos reeds gesë is daar 'n groot ooreenkoms tussen "Rounders" en "Club Ball", en die mees aanneemlike teorie skyn vir my as volg te wees; uit "Club Ball" het "Rounders" ontwikkel en uit Rounders het ons hedendaagse Bofbal ontstaan.

Daar is egter nie ooreenkoms en ooreenstemming oor hoe en waaruit Bofbal ontstaan het nie.

1. Volgens "Cape Times" van 22Januarie, 1938.
2. " "Cape Argus" van 15 Oktober, 1932.
3. " "Cape Argus" van 15 Oktober, 1932.
4. " "Cape Argus" van 15 Oktober, 1932.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wat ons egter wel weet is dat Arthur Doubleday van Cooper Town in 1839, vir die eerste keer ons moderne spel, Bofbal voorgestel het. Hy was dus die stigter van Bofbal, hoewel die spel reeds baie vordering gemaak het sedert Doubleday dit gestig het. Cooper Town is 'n plekkie in die Verenigde State van Amerika en is nie ver van New York af geleë nie. In Amerikaanse Bofbalwëreld is Cooper Town vandag nog 'n soort van heilige plek en elke Amerikaaner weet dat hul geliefkoosde spel daar ontstaan het en dat die eerste Bofbal wedstryd meer as 100 jaar gelede daar afgespeel is.[5]

Dit was egter eers in 1845 dat reëls vir die eerste keer opgestel is. Voor die tyd was die reëls nie definitief neergelë nie [6].

Bofbal het reeds 'n groot aanhang in Amerika gehad in die eerste helfte van die laaste eeu, maar dis eers vanaf omtrent 1865 dat dit met rasseskrede ontwikkel het. In 1871 is dan ook reeds "The National Association of Professional Baseball Players" gestig [7]. Professionele Bofbal het dus alreeds meer as 70 jaar gelede sy ontstaan gehad en vandag vind ons dat al die groot ligas alleenlik uit professionele spanne bestaan.

Genoemde ontwikkeling is volgens die nuusblaaie.

In sy boek "America Learns to play" gee Foster Rhea Dulles die ontstaan van Bofbal en sy bewering verskil in sommige opsigte van die reeds genoemde. In sy boek maak hy melding van 'n kommissie wat in 1907 aangestel was om die ontstaan van Bofbal, vandat dit anders as "Rounders" en Town Ball gespeel is, na te gaan.

Hy verklaar verder dat daar nie genoegsame bewyse gegee kan word ~~dat daar~~ wat die bewering, dat Bofbal in Coopers Town in 1839 ontstaan het, kan staaf nie. Town Ballwas toe reeds met 4 bowwe gespeel, hoewel daar nie foutgebied was nie.

5. Volgens Die Burger van 2 Maart, 1939.
6. Volgens "Outspan" van 20 Oktober, 1939.
7. Volgens "Cape Argus" van 15 Oktober, 1932.
"Cape Argus" van 15 Oktober, 1932.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Rounders het toe al die vierkant gehad en daar was wel die foutgebied.

Die begin van Bofbal op 'n georganiseerde basis kan volgens hon beter nagegaan word. 'n Groep New Yorkse sakemanne het omtrent 1842 die spel begin speel op die Elysian veld in Hobohen. Hul het die Knickerbocker klub gestig en onder leiding van die Alexander T. Cartwright het hul 'n kode van die reëls opgestel wat in 1845 gepubliseer is. Die reëls het o.a. neergelë dat 'n span uit 9 spelers moet bestaan, dat 'n span uit is nadat 3 manne uit is en dat die span wat die eerste 21 lopies aanteken die wenner sou wees.

Die eerste wedstryd is toe in 1846 teen die "New York Baseball Club" afgespeel.

In 1858 is die "National Association of Baseball Players" gestig met 25 klubs as lede. Destyds was die gooiwerk nog alles onderdeur (underhand pitching) en 'n kolwer kon selfs uitgevang word nadat die bal reeds eenkeer die grond geraak het. Dit is verstaanbaar as 'n mens in aanmerking neem dat hul destyds nie handskoene gebruik het nie.

In 1869 is die "Cincinati Red Stockings" gehuur as 'n professionele span om 'n toer deur die land te maak. Hul was dus die eerste professionele bofbalspan. Daar was egter nog nie 'n Professionele Bofbal Vereeniging nie en dit is eers in 1871 gestig (Association of Professional BaseballPlayers".

Hy haal ook aan dat die "Sports and Games Magazine" van 1872 reeds Bofbal as Amerikaanse nasionale spel bestempel het.

Foster Dulles wil dus beweer dat Arthur Doubleday nie die stigter van Bofbal is nie, maar verder verklaar hy tog dat die ontstaan nie met sekerheid nagespoor kan word nie. Ons kan dus die bewerings in die nuusblaaie as bevredigend beskou en aanneem dat Bofbal ontstaan het in 1839 in Coopers Town.

Verder kom sy gegewens ooreen met die van die koerante.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die bofbalhandskoen wat vandag so essensieel is om die spel te kan speel was voor die tyd 1880 nog nie in gebruik nie. Voor die tyd het allenlik die vanger en die eerste-rus speler handskoene gebruik wat hul dan ook gewoonlik self gemaak het volgens wat vir hul die geskikste was[8]. Dit is nie dat die ander spelers in 'n Amerikaanse Bofbalspan, nie handskoene wou gebruik nie, maar hulle was nie toegelaat nie. Na genoemde jaar is alle spelers toegelaat om 'n handskoen te gebruik en dit is vanselfsprekend dat alle spelers met gretigheid handskoene aangeskaf het. Van toe af is handskoene spesiaal vervaardig en het die spelers ook nie nodig gehad om dit self te maak nie.

Vandag vind ons dat honderdduisende die spel in Amerika speel en op die strate en op oop plekke speel kinders dit met groot geesdrif en ywer en met die hoop om ook eendag 'n Ruth of 'n Joe Dimaggio te word.

---

8. Volgens "Die Burger" van 6 Februarie 1940.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5.

Ontstaan hier in Suid-Afrika.

Bofbal het vanuit Amerika oor die hele wëreld versprei en het ook hier in Suid-Afrika begin posvat, maar het weer kweggekwyn totdat dit later gekom het om te bly.

Die spel is hier ingevoer deur Amerikaanse myners en handelaars reeds in die agtienderjare toe die goudbedryf nog in die beginstadium van ontwikkeling was. So vind ons dat die Amerikaners in Johannesburg reeds voor die Tweede Vryheids Oorlog (1899-1902), hul geliefkoosde spel gespeel het[1]. Bofbal was dus hier in Suid-Afrika deur Amerikaners self ingebring en Johannesburg was die eerste plek waar Bofbal gespeel is hier in ons land.

Teen die einde van die laaste eeu vind ons egter ook dat Bofbal hier in Kaapstad gespeel is deur Amerikaners. Amerikaanse skepe het Tafelbaai aangedoen en sommige van die opvarendes het van die geleentheid gebruik gemaak om hul litte los te maak en hul het dan ook Bofbal onder mekaar gespeel[2].

Sowat 25 jaar gelede is Bofbal gespeel maar dit wou maar nie posvat nie en dit het geleidelik weer verdwyn[3]. Tydens die Wëreld Oorlog (1914-18) word so nou en dan weer Bofbal gespeel maar die spel wou maar nie paovat nie.

Ons sien dus dat Bofbal reeds sowat 50 jaar gelede die land ingekom het, maar dat dit nie wou vordering gemaak het nie, totdat omstreeks 1928 die spel regtig begin posvat het[4]. Dit was reeds ernstig gespeel in Johannesburg en Durban, voordat dit in Kaapstad op 'n georganiseerde basis begin het. Dit het geleidelik oor die hele land versprei. Dit het in 1932 na Kaapstad gekom. Die volgende jaar het dit in Port Elizabeth begin[5] en in die begin van 1934 begin dit in Bloemfontein posvat[6].

1. Volgens Dr (DGC) Robinson in "The Vacuum Magazine".
2. " "Cape Review" van 11Oktober 1935.
3. " "Cape Argus" van 24 Januarie 1933.
4. " D. Barnard in Die Huisgenoot van November 1938.
5. " "Cape Argus" van 26 Maaet 1934.
6. " "Cape Times" van 30 Junie 1934.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die "Outspan" van die 10de Augustus 1934 skryf W.M. Murraybrown as volg:- "xgame A game that is now being played in all Provinces and Rhodesia".

Bofbal het dus met rasseskrede dwarsdeur die hele land voor-uitgang gemaak en ons kan met absolute sekerheid se dat dit gekom het om te x bly, hoewel die huidige oorlog 'n groot terug-slag vir Bofbal is net soos die geval met alle ander sportsoorte.

Ons sien dus dat Bofbal in 1934 oor die hele Suid-Afrika en Rhodesia gespeel is, hoewel nog nie op die Platteland.

CARNEGIE BIBLIOTEEK
U.S.L.
UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6.

STIGTING VAN BOFBAL IN DIE WESTELIKE PROVINSIE.

Bofbal was reeds op 'n georganiseerde basis in Johannesburg en Durban en geesdriftiges (die notules van die eerste vergaderings het nie 'n lys van die persone wat teenwoordig was nie,) in Kaapstad het toe gereken dat as bofbal in genoemde twee plekke gespeel kan word; waarom nie ook hier nie!. Hulle was vasbeslote om die spel ook hier te laat posvat en wel op so 'n manier dat dit vir goed sal bly. Die beste sou dus gewees het om 'n Bofbal Vereniging hier te stig en om die spel populêr by die publiek te maak en die groepe geesdriftiges was gedetermineerd om dit te laat plaasvind.

Op 23 Junie en 22 Julie 1932 is algemene vergaderings gehou waarop dan toe besluit is om 'n Vereniging te stig en om een en ander voorafgaande werkies te doen.

Op 27 Julie 1932 is ~~a~~ toe 'n vergadering gehou waarop die konstitusie algemeen aangeneem is[1]. Die datum moet dus beskou word as die eerste Algemene Jaarlikse Vergadering en ook as die geboortedatum van georganiseerde bofbal hier in die Westelike Provinsie.

Die eerste ampdraers en komiteelede is toe ook gekies en was as volg:-

President:- Mnr. I. N. Linnell.

Komiteelede:-x Dr. O.K. Alrich, Mnre. J. Bowie, C. Converse, D.M. Dalton, H.Getz, G.W. Lyon, en Dr. D.M. Beach

Sekretaris:- P. Elliot.

Bogenoemde persone kan ons beskou as die stigters van bofbal hier. Mnr. Linnell was die destydse Konsul-generaal van die V.S.A. alhier in Kaapstad.

Mnr. Don Mack Dalton word algemeen beskou as die vader van bofbal in die W.P. Hy was self 'n speler en het ook die W.P. verteenwoordig.

Mnr. G.W. Lyon is vandag nog een van ons staatmakers. Hy het ook van die begin 'n aktiewe belang in die spel gehad en het van die begin af tot vandag toe opgetree as tellinghouer, 'n amp wat hy

1) Mnr. Williams en Mnr. Lyon beskou dit as die stigtingsdatum en dit kan dus so aangeneem word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

homself toegeëin het en 'n amp wat hy deuglik en doeltreffend van die begin af beklee het. Wat Mnr Lyon vir ons bofbal beteken het en nog beteken, kan min mense werklik besef. Sonder Mnr. Lyon sou bofbal miskien vandag al dan nie algeheel verdwyn nie, dan minstens nie meer op 'n georganiseerde basis, gewees het nie.

Mnr. P. Elliot was ook 'n speler en het ook die W.P. verteenwoordig.

'n Persoon wie se naam nie hierbo verskyn nie, maar wat wel ook een van die stigters was, is Dr. (Doc) Robinson wat vandag nog altyd optree as skeidsregter en ook hy het vroeër vir die W.P. span gespeel.

Net soos vroeër jare was dit weer Amerikaners wat bofbal hier in 1932 begin het. Feitlik al die persone wat genoem is, as stigters is Amerikaners en persone wat reeds bekend was met die spel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7.

STIGTING VAN KLUBS IN DIE WESTELIKE PROVINSIE.

(Al hierdie informasie is verkry uit die Burger, "Cape Times", "Cape Argus" en Die Suiderstem).

Op 23 Junie is die eerste vergadering in Kaapstad gehou om die stigting van 'n Bofbal Vereniging te bespreek. Die Vereniging is gestig om die begin te maak, maar nou moes nog persone gevind word om die spel te speel. Hier was wel Amerikaners wat 'n begin kon maak, maar wat van die plaaslike spelers. Klubs het egter gou begin om hul verskyning te maak en selfs die mees optimistiese stigter was verbaas om te vind dat bofbal so gou hier begin posvat het.

Die eerste klubs wat in die W.P. gestig was, was Cumorah en Nomads wat uit uitlanders bestaan het. Die twee klubs het vertoonwedstryde gehou en het vir hul tweede wedstryd na Stellenbosch gegaan. Die wedstryd het Cumorah met 6 lopies teen 4 gewen. Dit was op 22 Oktober 1932.

Voor die einde van genoemde maand was daar al 2 nuwe klubs nl. Suidelike Voorstede en Tuine en reeds op 29 Oktober het hul, hul eerste oefenwedstryd op Hartleyvale gespeel. Die volgende Saterdag het die Westelike Provinsie Bofbal Vereniging alreeds 'n program gereël. Nomads het teen Cumorah in die hoofwedstryd gespeel en S. Voorstede en Tuine teenmekaar in die voorwedstryd. Die wedstryd het op Hartleyvale plaasgevind. Dit was die eerste hoofkwartier van die W.P.B.V.

Ander klubs het gou gevolg en voor die einde van die jaar (1932) was daar reeds 7 klubs wat aan die W.P.B.V. geaffilieer was, nl. genoemde vier klubs, Seepunt, Liesbeekpark en Universiteit van Kaapstad(U.K.). Cumorah het toe alreeds 'n tweede span gehad.

In dieselfde seisoen het Seepunt ook 'n tweede span in die veld gestoot. Teen die einde van die eerste seisoen (1932-33)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was daar dus al 7 klubs met altesaam 9 spanne nl.:-

Cumorah A.

Cumorah B.

Nomads.

Seepunt A.

Seepunt B.

Suidelike Voorstede.

Tuine.

U.K.

Liesbeeckpark.

1933-34 Seisoen:-

Met die aanvang van die 1933-34 seisoen was die nege spanne nog almal daar om te begin.

In die middel van Oktober 1933 het Seepunt Hoërskool (seuns) ook 'n klub gestig. Dit was sover bekend die eerste skool-bofbalspan wat hier in Suid-Afrika gevorm is. Teen die einde van dieselfde maand het die Universiteit van Stellenbosch (U.S.) ook 'n klub gestig met die volgende bestuur; G. Sim (Kaptein), Eksteen (Sekretaris) en P. Daneel as addisionele lid.

Die twee klubs het egter gedurende die seisoen net vriendskaplike wedstryde gespeel en was nog nie lede van die W.P.B. Vereeniging nie.

In die begin van 1934 het daar egter nog twee spanne van Liesbeeckpark en U.K. bygekom. Dit was die tweede spanne van genoemde klubs.

Teen die einde van die 1933-34 seisoen was daar dus 7 klubs met 11 spanne wat geaffilieer was aan die W.P.B.V. en dan nog U.S. en S.P. Hoërskool wat 'n totaal van 13 spanne maak (9 klubs).

1934-35 Seisoen:-

Klubs het nou begin vermeerder en nuwes is gestig en andere het weer verdwyn. Stellenbosch het die spel nou definitief aan-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gepak en was vir die eerste keer verteenwoordig op die algemene vergadering van die W.P.B. Vereeniging. Dit was teen die einde van Augustus 1934. Seepunt Hoërskool het selfs verder gegaan as gedurende die vorige seisoen en kon nou 2 spanne in die veld stoot. Hulle het egter nog steeds net vriendskaplike wedstryde gespeel.

Met die aanvang van die 1934-35 seisoen het die getal klubs wat geaffilieer was aan die W.P.B.V. vermeerder met 4 d.w.s. daar was nou 11 klubs met 'n totaal van 20 spanne. Hierby moet nog gevoeg word die klubs van die Hoër Jongensskool Seepunt wat dan die totaal op 12 klubs met 22 spanne te staan gebring het. Een klub van die vorige seisoen het nie meer bestaan nie nl. Tuine. Dan het daar egter 4 nuwe klubs bygekom nl. Cardinals, Maitland, Y.M.C.A. en Vacuum, almal klubs wat met die aanvang van die seisoen gestig is.

Al die eerste liga spanne behalwe Cardinals het dan ook Junior spanne gehad. Daar was dus gedurende die seisoen 'n aansienlike vermeerdering, veral wat betref die aantal spanne en spelers. Die aantal spelers was goed oor die 200.

1935-36 Seisoen:-

Daar was die vorige seisoen alreeds so 'n groot aantal klubs dat 'n verdere vermeerdering feitlik nie verwag kon word nie. Tog het die aantal klubs en spanne met 1 en 3 respektiewelik vermeerder d.w.s. daar was nou 13 klubs en 25 spanne. Die name van 2 klubs het nie meer op die lys verskyn nie nl. Vacuum en Suidelike Voorstede. Daarteenoor het 3 nuwe klubs hul verskyning gemaak nl. United, Olean en Wynberg.
Daar was nou ook 3 klubs wat elk 3 spanne gehad het nl. U.K., X U.S. en Nomads. Verskeie ander klubs het 2 spanne gehad. Die vorige seisoen kon U.K. 4 spanne in die veld stoot maar nou het hul net 3 spanne gehad.

Die nuwe klubs was almal gestig met die aanvang van die nuwe seisoen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In November 1935 het 'n ander skool ook 'n klub gestig nl. St. Joseph's en in hul eerste wedstryd teen H.J.S. Seepunt het hul nogal uitstekend gevaar en alleen met 11 lopies teen 15 verloor.

Met St. Joseph's by was daar nou 14 klubs met 26 spanne. Daar was 3 klubs met 3 spanne elk (reeds genoem) en 6 klubs met 2 spanne elk nl. Cumorah, Liesbeeckpark, Maitland, Seepunt, Olean en Wynberg.

Die aantal spelers het vermeerder tot oor die 300.

1936-37 Seisoen:-

Die aantal klubs het met 1 vermeerder d.w.s. daar was nou 13x klubs wat geaffilieer was aan die W.P.B.V. Dan was daar nog die klubs van die H.J. Skool Seepunt wat dan 'n totaal van 14 gee. Een klub nl. Y.M.C.A. ~~hex~~ het verdwyn maar dan het Pirates bygekom en Seepunt-cubs en Seepunt Crusaders het geskei. Laasgenoemde was nou net Crusaders.

Die aantal spanne het nou egter met 2 verminder en saam met H.J. Skool Seepunt was daar nou 23 spanne.

Daar was 2 klubs met 3 spanne nl. U.K. en U.S., terwyl daar 5 klubs met 2 spanne elk was nl. Cumorah, Liesbeeckpark, Maitland, Nomads en Olean.

1937-38 Seisoen:-

Die aantal klubs het met 1 verminder, maar die aantal spanne was dieselfde as die vorige seisoen nl. 23 spanne saam met H.J.S. Seepunt. Daar was dus net 13 klubs (saam met H.J.S. Seepunt) teenoor 14 van die vorige jaar.

Die twee klubs United (U,T.C.) en Wynberg het verdwyn, maar dan is daar 'n nuwe klub nl. Claremont gestig.

Daar was i klub met 4 spanne nl. U.K., een klub met 3 spanne elk nl. Cumorah, Nomads, Olean, Liesbeeckpark en Maitland.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1938-39 Seisoen:-

Verskeie nuwe klubs het hul verskyning gemaak. Die Suidelike Voorstede klub wat aan die einde van die 1934-35 seisoen verdwyn het, is nou weer gevorm. Dan was daar Skiereiland wat met 2 spanne by die W.P.B.V. aangesluit het en verder is 'n Posweswe klub gestig. Die Maitland klub het hul naam verander na Wanderers. Ook het Seepunt H.J. Skool vir die eerste keer by die W.P.B.V. aangesluit en aan die 2de Reserwe Kompotisie deelgeneem. Dit was die eerste Skoolklub wat aangesluit het.

Altesaam het 14 klubs met 27 spanne aan die kompotisies deelgeneem.

Daar was dus een klub nl. U.K. met 4 spanne, 2 klubs nl. U.S. en Seepunt met 3 spanne elk, 6 klubs met 2 spanne elk nl. Liesbeeckpark, Wanderers, Cumorah, Nomads, Skiereiland en Olean en die res met 1 span elk.

1939-40 Seisoen:-

Die enigste nuwe klub wat bygekom het was Munisipaliteit met altesaam 5 spanne. Dan is daar egter die eerste klub op die platteland gestig op 16 Oktober 1939 in die Paarl. Hulle het egter alleen aan vriendskaplike wedstryde deelgeneem. Suidelike Voorstede het weer verdwyn en saam met die Paarl was daar nou 15 klubs in die W. Provinsie. 33 Spanne het aan die verskillende kompotisies deelgeneem.

Daar was nou 1 klub nl. Munisipaliteit met 5 spanne, 2 klubs nl. U.K. enU.S. met 4 spanne elk, 2 klubs met 3 spanne elk nl. Skiereiland en Seepunt, 5 klubs met 2 spanne elk nl. Liesbeeckpark, Nomads, Wanderers, Posweswe en Olean, en die res met 1 span elk.

1940-41 Seisoen:-

Die aantal klubs en spanne het nou aansienlik verminder - natuurlik as gevolg van die oorlog. Die vorige seisoen het 14 klubs met 33 spanne aan die kompotisies deelgeneem teenoor 9

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

klubs met 18 spanne hierdie seisoen; dus 'n vermindering van 5 klubs en 15 spanne. Verskeie klubs van die vorige seisoen het verenig nl. Seepunt en Nomads om die Seepunt-Nomads klub te vorm en Munisipaliteit en Claremont om die Munisipaliteit-Claremont klub te vorm. Dan het daar 4 ander klubs geheel en al verdwyn nl. Cumorah, Wanderers, Olean en Pirates. Dan het daar 1 nuwe klub bygekom nl. 'n Weermag klub met 2 spanne.

Daar was 2 klubs met 3 spanne elk nl. Seepunt-Nomads, Skiereiland, Munisipaliteit-Claremont, Weermag en Poswese.

1941-42 Seisoen:-

Daar was nou weer een minder klub omdat die Weermag klub verdwyn het. Claremont was nou ook nie meer gekombineerd met Munisipaliteite nie en laasgenoemde was dus alleen. Geen nuwe klub het egter bygekom nie. Die spanne het nou ook met 3 verminder. Daar was dus nou 8 klubs met 15 spanne.

Daar was 1 klub nl. U.K. met 3 spanne en 5 klubs met 2 spanne elk nl. Clyde, U.S., Skiereiland, SeepuntNomads en poswese.

Dan is daar in November 1941 'n Bofbal-Unie op Worcester gestig met 4 klubs nl. Dorp, Hoërskool, Skool vir Dowes en Drosdy.

1942-43 Seisoen:-

Die klubs en spanne het aansienlik verminder. 3 Klubs het verdwyn nl. Skiereiland, Munisipaliteite en H.J. Skool Seepunt, en daar was net 7 spanne wat aan die kompetisie deelgeneem het, hoewel U.S. nog altyd 'n tweede span gehad het wat aan vriendskaplike wedstryde deelgeneem het.

Een newe klub nl. die van die Amerikaanse Konsulaat, het bygekom.

Daar was net dus nou 6 klubs wat as volg was:-

U, K. 1.

U.K. 2.

U.S.

Clyde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Seepunt-Nomads.

Amerikaners.

Daar was net 1 klub met 2 spanne nl. U,K. wat aan die liga deelgeneem het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Kluts wat geaffilieer was aan die W.P.B.V.



Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8.

LIGAS EN KAMPIOENE.

1932-33 Seisoen.

Dit was die begin van bofbal alhier en gedurende die eerste seisoen was daar alleen vriendskaplike en vertoon wedstryde. Daar was dus geen ligas nie. Wat ons wel as die eerste liga kan beskou was die mededinging om die Herman-beker tussen die twee eerste gevormde klubs nl. Cumorah en Nomads. Die twee spanne het 'n reeks van 5 wedstryde gespeel op Hartleyvale en die een wat eerste 3 wedstryde sou wen, sou dan die wenners wees. Met die tweede wedstryd in die reeks op 3 Desember 1932 het elke span 1 wedstryd gewen gehad. Op 4 Desember 1932 het Mevr. Amy Mollison die beker aan Mnr. I. Sinnell, die destydse President van die W. P. B. Vereniging, oorhandig. Die wenners van die beker was Cumorah wat in die 5de wedstryd vir Nomads met 5 lopies teen 4 geklop het.

1933-34 Seisoen.

Met die aanvang van die seisoen was daar aanvanklik met een liga. Dit was dan ook die eerste liga wat hier in die Westelike Provinsie gevorm was. Aan die begin van 1934 is die aantal ligas vermeerder tot 2 nl. 'n Eerste en 'n Tweede liga met 10 spanne wat aan die ligas deelgeneem het. Met die vermeerdering van die spanne het die ligas natuurlik ooreenkomstig vermeerder.

1934-35 Seisoen.

Die aantal spanne het weer vermeerder en toe is besluit om 3 ligas te stig nl. 1ste, 2de, en 3de.

Gedurende die vakansie was die Universitêre spanne natuurlik nie beskikbaar nie en kon dus nie gewoonweg aangegaan word met die liga wedstryde nie. Daar is toe besluit om 'n vakansie-liga te stig waaraan die oorblywende spanne dus kon deelneem terwyl die Universiteitspanne van U.K. en U.S. op vakansie was.

1935-36 Seisoen.

Die aantal spanne het nie met te veel vermeerder nie. Die vorige seisoen was daar al reeds 20 spanne wat aan die ligas deelgeneem het en die 24 spanne van die seisoen kon maklik in die 3 ligas

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ingevoeg word. Die vakansie liga het bly voortbestaan om bofbal gedurende die vakansie op volle stroom aan die gang te hou.

1936-37 Seisoen.

Die verskillende ligas van die vorige seisoen het net so bly voortbestaan.

1937-38 Seisoen.

Die aantal ligas was nog steeds dieselfde, maar daar is 'n verandering gemaak in die benaming daarvan.

Voorheen was daar die Senior en die Vakansie ligas, maar nou was besluit om die Senior liga te verander tot die Provinsiale liga en die Vakansie liga, die Senior liga te noem.

1938-39 Seisoen.

Nou het die getal spelers so vermeerder dat die ligas ook moes vermeerder word, en was toe as volg:-

Eerste Provinsiale liga

Tweede Provinsiale liga

Eerste Reserwe Provinsiale liga

Tweede Reserwe Provinsiale liga

Eerste Senior liga

Tweede Senior liga

Derde Senior liga, en dus altesaam 7 ligas.

Teen die einde van die seisoen was daar alreeds sprake dat daar 'n verandering in die bofbal-liga gemaak sou word en dat daar dan net een liga sou wees. Die Universitêre spanne was egter 'n moeilikheid.

1939-40 Seisoen.

Die W.P.B. Vereniging het nou besluit om weg te doen met die 2 ligas en dat die ligas voortaan sou bestaan uit die Eerste, Tweede en Derde Provinsiale liga met 2 rondes elk. Die program was so geërel dat die Universitêre spanne hul rondes kon klaar speel voor die einde van die seisoen.

Op 30 November 1939 was 'n vergadering gehou deur die Komitee van die W.P.B. Vereniging waarop besluit is om 'n Junior liga in die lewe te roep waaraan die skole sou kon deelneem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1940-41 Seisoen.

Bofbal het nou reeds baie sterk die effek van die oorlog gevoel en die aantal klubs en spelers was reeds baie uitgedun. Die gevolg was dat die W.P.B. Vereniging verplig was om nog een liga, van die reeds verminderde ligas van die vorige seisoen, weg te neem en daar was dus net 'n eerst en 'n tweede Provinsiale liga.

Gedurende die vakansie het gekombineerde spanne van U.S. en U.K. teen 'n gekombineerde Seepunt-Nomads span gespeel in 'n reeks wedstryde om die Herman beker waarvoor Cumorah en Nomads in 1932 in 'n reeks gespeel het.

1941-42 Seisoen.

Die aantal spanne en spelers was nou reeds so uitgedun as gevolg van die oorlog dat daar net een liga kon wees en geen Junior ligas nie.

1942-43 Seisoen.

~~Die~~ Daar was weer net die 1 Senior liga, maar gedurende die is weer begin met die Vakansie liga.

KAMPIOENE.

Die kampioene van die verskillende Senior ligas was as volg:-

1932-33	Cumorah	(Om Herman-beker)
1933-34	Cumorah	Senior liga
1934-35	Cardinals Cumorah	Senior liga Vakansie liga
~~1~~ 1935-36	Cumorah Cardinals	Senior liga Vakansie liga
1936-37	Cardinals Cardinals	Senior liga Vakansie liga
1937-38	Cardinals Liesbeek Park	Provinsiale liga Senior liga
1938-39	U.K. U.K.	Provinsiale liga Senior liga
1939-40	Skiereiland	Eerste liga
1940-41	Liesbeek Park Gek. Universiteite	Eerste liga (Herman-beker)
1941-42	U.K.	Eerste liga
1942-43	U.S. Clydes	Eerste liga Vakansie liga

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Senior liga was dus al gewen deur 6 verskillende spanne nl. Cardinals (3keer), Cumorah (2keer), U.K. (2keer), en die volgende spanne elk een keer; Skiereiland, Liesbeekpark en Stellenbosch. (Onder die Senior liga sluit ek in die Provinsiale en die Eerste liga, want dit het tog maar net van naam verander.)

Die Vakansie liga was al deur 5 verskillende spanne gewen nl. Cardinals (2keer), en die volgende elk een keer; Cumorah, Liesbeekpark, U.K. en Clydes. (Onder die Vakansie liga word ingesluit die Senior liga (vanaf 1937 tot 1939).)

Nou is daar nog die Herman beker wat Cumorah die eerste keer en daarna die Gekombineerde Universiteite gebuit het. Ons kan hulle egter nie as kampioene reken nie, want dit was net 'n reeks wedstryde tussen 2 spanne.

Die kampioene van albei ligas was as volg:-

Cardinals (5 keer)

Cumorah (3 keer)

U.K. (3 keer)

Liesbeekpark (2 keer)

Skiereiland)
Clydes) Elk 1 keer.
U.S.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 9.

INTER - PROVINSIALE EN ANDER VERTEENWOORDIGENDE WEDSTRYDE TEEN SPANNE VAN ELDERS.

Reeds gedurende die eerste seisoen is Inter-provinsiale wedstryde gespeel. Die eerste wedstryd van die soort, hoewel nie inter-provinsiaal nie was reeds op 22 November 1932 gespeel. Dit was tussen die Cumorah klub en 'n span wat die Japanse skip, die Rabia Maru, verteenwoordig het. Die Japanners het die wedstryd met 11 lopies teen 7 gewen.

Daarna is 'n uitnodiging aan die Natalse Bofbal Vereniging gerig om 'n span hierheen te stuur en op Januarie die 29ste, 1933 het Natal teen W.P. in die eerste inter-provinsiale wedstryd alhier opgetree. Natal het die met 5 lopies teen 4 gewen.

Op 3 April van 1933 het 'n W.P. span nog teen 'n Japanse span van die Rabia Maru gespeel en met 13 lopies teen 5 gewen.

Aan die begin van die volgende jaar, op 17 Februarie 1934 het W.P. weer teen Natal hier in Kaapstad gespeel en die keer die bordjies verhang en met 11 lopies teen 2 gewen. Daar was by die wedstryd 1250 toeskouers aanwesig.

Op 22 Maart 1934 is die eerste wedstryd teen Transvaal gespeel. W.P. het met 5 lopies teen 6 verloor.

Met die aanvang van die volgende ~~ds~~ seisoen is 'n W.P. span na Natal gestuur en die keer het Natal weer gewen met 23 lopies teen 14.

Drie maande later het Natal weer hierheen gekom en toe het die W.P. weer gewen met 10 - 5. Daar was 1,600 toeskours aanwesig. Dit was op 24 November 1934.

Inter-provinsiaal wedstryde is nou gereeld elke jaar gespeel. Die volgende jaar, op 22 Februarie het W.P. hier teen Transvaal gespeel en die besoekende span met 10 lopies teen 0 geklop voor 'n skare van 1,760 toeskouers. Die volgende maand is 'n W.P. span toe weer op na Transvaal om daar kragte te meet met die tuisspan. Die Transvaalse span was die keer te te strek vir die W.P. Toer span en het 7 - 4 gewen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die volgende seisoen is weer 2 Inter-provinsiale wedstryde afgespeel teen Natal en Transvaal. Teen eersgenoemde, op 25 Januarie 1936, het die W.P. 17-2 gewen , maar teen Transvaal op 22 Februarie het die W.P. verloor met 3 lopies teen 6.

AAn die end van dieselfde jaar is nog 'n wedstryd teen Transvaal afgespeel en op hul tuisveld was die Transvalers glad te sterk vir die W.P. span en het met 23 lopies teen 5 gewen.

Op 13 Februarie 1937 is Transvaal weer deur W.P. geklop 6 - 5.

In Februarie van die volgende jaar was Transvaal weer hier en het die W.P. 3 - 1 geklop, maar moes die stryd gewonne gee teen 'n Seepunt span. Die telling was 14 - 7. Dit was algemeen beskou as die sterkste span wat Transvaal nog ooit gehad het.

Aan die einde van 1938 was 'n Amerikaanse vloot span hier in ons land. Hulle was lede van die bemanning van die Boise, en 'n en 'n verteenwoordigende span van die Amerikaanse vloot. Hulle het 3 wedstryde hier in Suid - Afrika gespeel.

Die eerste was teen 'n gekombineerde van Kaapstad en die Amerikaners het met 4 lopies teen nul gewen. Die wedstryd het plaasgevind op 16 November en daar was 'n rekord aantal toeskouers aanwesig.

Die Saterdag, 19 November, het die Amerikaners te staangekom teen die eerste en enigste Gekombineerde Suid Afrikaanse span wat tot dusver bofbal gespeel het. Die Amerikaners was glad te sterk vir die Suid Afrikaanse span en het maklik met 18 lopies teen 3 gewen. Hul het nie minder as 7 bofbal lopies geslaan nie.

Die Suid Afrikaanse span was saamgestel uit spelers van Transvaal, W.P. en Natal en was as volg:-

G. Brand	2 rus	(W.P.)	Kaptein
W. Schuurman	3rus	(Natal)	Onder-kaptein)
E. Cowling	middel veld	(W.P.)	
H. Price	regter veld	(Tvl.)	
B. Shaw	linker veld	(Tvl.)	
J. Deighton	1 rus	(Tvl.)	
D. Fox	vanger	(W.P.)	
E. Harrison	Kortby	(W.P.)	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bothwell gooier (Tvl.)

met die volgende reserwes:-

Cowley (W.P.), Lawrence (W.P.), Stern (W.P.), D. Mills (W.P.) en Randall (Tvl.).

Op 9 Februarie 1939 was Transvaal en W.P. weereens teenmekaar hier op Rosebank en die keer moes die besoekers met die kous oor die ~~kop~~ kop terugkeer na Transvaal. Die telling was 10 -0 in W.P. se guns. Die volgende maand was 'n Oostelike Provinsie span hier om vir die eerste keer teen ~~t~~ die W.P. op te tree en die besoekers het met 3 lopies teen 2 gewen. In 'n wedstryd teen U.K. het O.P. egter verloor 4 - 14.

Aan die einde van 1910 is 'n U. S. toerspan na Port Elizabeth om daar teen O.P. op te tree. Die U.S. toerspan het daarin geslaag om die O.P. met 7 lopies teen 5 te wen .

Aan die einde van dieselfde ~~x~~ jaar, op 13 Desember het die W.P. 'n besoekende Amerikaanse span met 8 lopies teen 7 geklop.

Dit was die laaste wedstryd wat die W.P. tot dusver afgespeel het. Weens die oorlog is Inter-provinsiale wedstryde vir die duur afgestel.

Tot dusver het die Westelike Provinsie altesaam 17 wedstryde afgespeel sedert 1932.

Teen Transvaal is 8 wedstryde gespeel waarvan die W.P. 3 en Transvaal 5 gewen het. Van die 5 wedstryde wat teen Natal het die W.P. 3 gewen. Teen die Oostelike Provinsie is net 1 wedstryd gespeel wat laasgenoemde dan ook gewen het. Verder is dan nog 3 wed stryde teen besoekende spanne ~~g~~ afgespeel nl. teen 'n Japanse span van die Rabia Maru wat die W.P. met 11 lopies teen 7 gewen het. Dan die wedstryd teen die Amerikaanse vloot, wat die besoekers gewen het en nog 'n wedstryd teen 'n besoekende Amerikaanse span wat die W.P. gewen.

W.P. het altesaam 44 lopies teen Transvaalse 50 in 8 wedstryde aangeteken en 56 teen Natal se 37 in 5 wedstryde; 2 teen O.P. se 3

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in 1 wedstryd en teen die 3 besoekende span 21 teen die Besoekers se 16. Dus 'n totaal van 123 lopies teen 106 van ander spanne in 17 wedstryde wat 'n gemiddeld van 7 - 6 in W.P. se guns per wedstryd beteken.

Gemiddeld, teen Transvaal is 6 - 5 in Transvaal se guns en teen Natal is dit 11 - 7 in W.P. se guns en teen Besoekende spanne 7 - 5 in W.P. se guns, per wedstryd.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 10.

WEDSTRYDE TUSSEN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH EN UNIVERSITEIT KAAPSTAD EN INTERVARSITIES.

Hier word hoofsaaklik eerstespan wedstryde gegee, want dit is per slot van rekening tog al wat van baie belang is.

Daar is al altesaam 19 wedstryde tussen die twee Universiteite afgespeel. Van hierdie wedstryde het 9 op Coetzenburg plaasgevind, 8 op Rosebank, 1 op Groot Schuur en 1 op Worcester. Van die 19 wedstryde was 10 Intervarsities, 4 waarvan op Coetzenburg en op Rosebank plaasgevind het.

Die eerste wedstryde het op 30 November 1933 op Coetzenburg plaasgevind en was eers beskou as die eerste Intervarsity, maar in werklikheid was dit maar net 'n vriendskaplike wedstryd.

Van die 19 wedstryde het U.S. net 3 gewen en dit was al drie Intervarsities. Hier volg 'n lys van al die wedstryde.

Datum.	Plek.	Uitslag.
30 November 1933	Coetzenburg	U.K. 15 U.S. 12
12 Desember 1933	Groot Schuur	U.K. 20 U.S. 6
6 Oktober 1934	Coetzenburg	U.K. 15 U.S. 14
10* November 1934	Rosebank	U.K. 13 U.S. 9
16* November 1935	Rosebank	U.K. 17 U.S. 2
7* November 1936	Coetzenburg	U.S. 14 U.K. 6
4 Oktober 1937	Coetzenburg	U.K. 9 U.S. 3
6 November 1937	Coetzenburg	U.K. 19 U.S. 1
22* November 1938	Coetzenburg	U.K. 17 U.S. 8
1* November 1939	Coetzenburg	U.K. 19 U.S. 18
30* Maart 1940	Rosebank	U.K. 12 U.S. 8
12 Oktober 1940	Coetzenburg	U.K. 7 U.S. 6
23 November 1940	Rosebank	U.K. 21 U.S. 6
22* Maart 1941	Rosebank	U.S. 9 U.K. 5
18 Oktober 1941	Worcester	U.K. 6 U.S. 2
29 November 1941	Rosebank	U.K. 12 U.S. 8
28* Maart 1942	Rosebank	U.K. 11 U.S. 10

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

30 November 1942	Coetzenburg	U.K. 22	U.S. 6
27* Maart 1943	Rosebank	U.S. 6	U.K. 4

*Amptelike intervarsity wedstryde.

Dit is interessant om die aantal lopies wat elke span aangeteken het te vergelyk, U.K. het altesaam 264 teenoor 134 van U.S. aangeteken, wat 'n gemiddeld van 14 lopies teen 7 per wedstryd gee.

Daar het, soos reeds gesê, 10 Intervarsities plaasgevind waarvan U.K. 7 gewen het en U.S. 3.

In die amptelike intervarsities het U.K. altesaam 137 lopies aangeteken teenoor 71 van U.S. Dit gee 'n gemiddeld van 14 lopies teen 7 per wedstryd, wat presies ooreenstem met die gemiddeld van die totale aantal wedstryde. Dit staaf dus nie die alombekende bewering dat Intervarsities altyd baie taaier en meer gelykop wedstryde as die gewone klub of vriendskaplikes is nie.

Stellenbosch se tweede span het vir die eerste en enigste keer hul Intervarsity wedstryd op 27 Maart 1943 gewen met 10 lopies teen 7.

Ook met die Intervarsity (1943) het U.S. se eerste span vir die eerste keer die Senior kompetisie gewen. Die Intervarsity sal dus nog lank in die geskiedenis van Bofbal onthou word.

Die eerste 6 Intervarsities was ook maar net in naam Intervarsities, want daar was nie die sang en korswel wat toe reeds ~~kam~~ lankal so onontbeerlik by die Rugby Intervarsities was nie. Met die 1940 Intervarsity is vir die eerste keer gesing en was vir die eerste keer alle aanduidings van 'n regte Intervarsity aanwesig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11.

ALGEMENE VORDERING EN ONTWIKKELING.

Dit sal interessant wees om hier net die menings van verskillende verantwoordelike persone en 'n paar van ons koerante weer te gee. Dit strek vanaf die begin d.w.s. 1932 tot die einde van die 1942-43 seisoen. Dit gee 'n goeie idee van hoe die bofbal hier gevorder het met elke seisoen.

"Cape Argus"8 November 1932.

"Mnr Lyon is baie tevrede met die vooruitgang wat Amerika se nasionale sportsoort (bofbal) hier in Kaapstad maak en ook met die publieke ondersteuning wat dit geniet."

"Cape Times " 1Mei 1933.

"Die W.P.B.V. kan met groot tevredenheid terugkyk na die vordering wat die sport gemaak het sedert die stigting van die Vereniging 8 maande gelede."

"Cape Argus" 20 Januarie 1934.

"Vanaf die begin het bofbal met rasse skrede vooruitgegaan en gewys dat dit gekom het om te bly. Daar is 9 spanne en oor die 100 spelers wat soms meer as 1000 toeskouers na wedstryde trek."

"Cape Times" 24 Januarie 1934.

"It is difficult to imagine any summer sport nursed into popularity with more enthusiasm and desiretion than is being displayed regarding baseball in the W.P."

"Cape Argus" 20 Maart 1934.

" 'n Jaarlikse bofbal toernooi op dieselfde basis as Curriebeker krieket, rugby ens. het 'n direkte moontlikheid geword deurdat United Tobacco Company 'n Pragtige trofee vir die doel geskenk het."

"Cape Argus" 26 Maart 1934.

"Bofbal is nou een van die toonaangewende sportsoorte in Kaapstad, Johannesburg en Durban. Die spel maak ook vooruitgang in die Oostelike Provinsie."

"Cape Argus" 9 April 1934.

Ralph (W.P. cricket captain) :- "As is well known cricket in the Peninsula is fighting for its life against the rival attraction of baseball."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Cape Times" 13 April 1934.

"Dit is absoluut seker dat as bofbal een van Suid Afrika se nasionale sportsoorte wil word, dit na die Hoërskole en Universiteite sal moet opkyk."

"Cape Times" 25 Oktober 1934.

"Bofbal beur vorentoe. Eerste bofbal-intervarsity op 10 November 1934."

Die Burger 22 November 1934.

"W.P.B.V. het op 'N vergadering die kleure van die vereniging bespreek en besluit om die standaard kleure van alle W.P. sport aan te neem."

Die Burger 17 Desember 1934.

Daar is besluit om 'n Suid Afrikaanse Bofbalraad in die lewe te roep en om 'n Universiteit span van Japan uit te nooi om hier te kom toer en aan drie toetswedstryde deel te neem.

Die reisplan is reeds opgestel. Die hoofkwartier van die Raad sal in Kaapstad wees. Regter "Twentyman" Jones die president. (Die Japanse toer was later afgestel omdat die studente nie hul studies kon laat staan het nie.)

"Cape Argus" 15 Desember 1934.

Gerry Brand:- "Ek geniet bofbal meer as 'n rugby toetswedstryd. Verder verklaar hy dat dit voetbalspelers in oefening gedurende die somer. Hy het krieket gespeel maar dit te dood gevind en toe begin bofbal speel.

"Cape Argus" 18 Januarie 1935.

"Op Woensdag 'n wedstryd waaraan alleen seuns gaan deelneem. Die oudste is 15 en die jongste 9 jaar."

"Cape Argus" 10 April 1935.

"Op 'n vergadering waar verteenwoordigers, van feitlik alle sportsoorte in die W.P. ~~kkeure~~ aanwesig was, is besluit dat die W.P. kleure uniformig sal wees nl. "Royal"blou en wit. Die onderskeidende teken moet wees, W.P. en dan die naam van die besondere sportsoort b.v. Bofbal."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Cape Times" 9 April 1935.

Mildred Leydell in die "Atlantic Georgian":- "Hulle het ook bofbalwedstryde en die publiek stroom daarna net soos in V.S.A."

"Cape Argus" 16 Oktober 1935.

"Bofbal verander op Rosebank. Tuisplaat 14 vt. nader aan pawiljoen geskuif en dus sal verder houe nodig wees vir boflopies."

"Cape Argus" 10 Desember 1935.

"There is no such thing as "form" these days. Every week the forcasts are upset."

"Cape Times" 18 November 1936.

"Onkunde aangaande die reeks is die oorsaak vir menige slegte spel".

"Cape Times" 9 Desember 1936.

"Waarom raak die spel in onguns?", vra 'n entoesias en gaan verder, "week na week wys bofbal op Rosebank vooruitgang en uitstekende wedstryde word gesien, maar tog word die aantal toeskouers al minder."

"Cape Times" 12 Desember 1936.

"In die begin was nuuskierigheid die oorsaak van die baie toeskouers. Toestande sal weer regkom oor 'n jaar of wat."

"Cape Times" Oktober 28, 1937.

"Ek is oortuig daarvan dat as Stan Smith vandag die gooier se plek moes inneem op die plaat, die veldwerkers net so besig gehou sou gewees het as op die oomblik die geval is."

"Cape Times" 20 November 1937.

Herman Steytler:- "Die spel was nog nooit meer lewend as wat op die oomblik die geval is nie."

Die Burger 7 Desember 1937.

"Bofbal het vanjaar, met die intrede van die nuwe seisoen met rasse skrede vooruitgegaan."

Die Burger 15 Februarie 1938.

"Bofbal word al meer en meer gewild in die Westelike Provinsie. Ook by die spelers is daar groot vordering te bespeur."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Cape Argus" 29 Maart 1938.

"On Saturday the baseball season ended officially. It has been a most successfullone, coming as it does so soon after the disastrous period last year when gates were low, the standard of of play fell away and there was a series of personal barracking displays which disgusted many people. This season all that has been changed, the standard of play has been very high, interest has been increased because of the improved play and there was an excellent spirit among the crowd. The main feature of this season has been the rise of the younger teams like U.C.T., Liesbeek Park and Maitland."

"Cape Argus" 26 Augustus 1938.

"Bofbal ontwikkel so vinnig dat moeilikheid ondervind word om met die vordering tred te hou."

Die Burger 17 November 1938.

"Dit was veral die goeie gooiwerk van die Amerikaners en die treurige kolfwerk van die plaaslike span wat veroorsaak het dat die gekombineerde Kaapstadse span nie 'n enkele lopie teen die Amerikaners kon aanteken nie."

Suiderstem 19 November 1938.

"Die Amerikaners dink nogal baie van ons bofbal. Met 'n bietjie meer oefening en kennis van die fyner puntjies van die spel behoort Kaapstad maklik enige Kollegespan van Amerika die hoof te bied", het Mnr. Goshorn, die breir van die Amerikaanse span, verklaar.

"Cape Times" 24 November 1938.

H.S. Goshorn (coach to the American baseball team):- "I was most favourably impressed with the showing of the Cape Town side which played against us last Wednesday. I am informed that baseball is a young sport and that being so, Iam astonished at the marked developement that is evident in such a short time. After all, the fellows are all beyond the age at which ball is taught in the States."

Die Burger 29 November 1938.

"Die Amerikaners het ongetwyfeld baie vir bofbal gedoen. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

leerlinge van die Hoërskool Jan van Riebeeck speel reeds, tydens speeltye, met tennisballe en stokke die spel."

"Cape Times" 17 Januarie 1939.

"Verlede seisoen was daar baie uitstekende wedstryde toe die bofbal wat gespeel was, van 'n hoë gehalte was, maar die sport opsigself maak waarskynlik geen vordering nie."

"Cape Times" 28 Oktober 1939.

"Dit is interessant om the verneem dat daar op die oomblik oor die 500 spelers by die W.P.B.V. geregistreer is."

"Outspan" Oktober 1939.

"Meer as 150 klubs speel bofbal dwarsdeur die Unie en 'n vinnig groeiende persentasie van die publiek is toeskouers."

"Cape Times" 4 November 1939.

"Op die oomblik is byna 600 spelers geregistreer. Nog 'n verblywende faktor is die feit dat meer en meer skoolseuns die spel begin speel."

Die Burger 16 November 1939.

"Bofbal begin nou vinnig die gewildste somersport op Stellenbosch te word."

"Cape Times" 21 November 1939.

"Deurdat sommige van die welbekende bofbalspelers opgeroep word vir militêre diens, moet die keurkomitees al meer en meer gebruik maak van die jongere spelers."

"Cape Argus" 2 Desember 1939.

"Bofbal het weer tot lewe gekom nadat dit op so 'n lae peil laaste seisoen geëindig het."

Die Burger 8 Desember 1939.

"Bofbal ontwikkel in een van die gewildste somersport-soorte in die Westelike Provinsie en dit is ook reeds besig om op die platteland pos te vat."

Die Burger 12 Januarie 1940.

"Ons het oproepe van verskillende Afrikaans-sprekende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bofbalspelers ontvang wat hul waardering uitspreek oor die pogings wat aangewend word om deurmiddel van artikels meer inligting aan die jonger spelers te verskaf."

"Cape Times" 9 Oktober 1940.

"Toe Mnr H. Getz die aanneem van die f jaarsverslag voorgestel het, het hy verklaar dat die afgelope seisoen as die suksesvolste in die 8 jaar wat bofbal hier gespeel word, gereken kan word."

Die Burger 12 November 1940.

"Bofbal geesdriftiges wat tot dusver hierdie seisoen die wedstryd op Rosebank bygewoon het, het voorwaar g'n rede om te kla oor die spel wat daar gelewer is nie."

Suiderstem 18 Januarie 1941.

"Ondanks die feit dat hulle 'n ernstige taak het om uit te voer, beoefen, die sportmanne wat in die Unie leër êrens in die Noorde diens doen van tyd tot tyd die sportsoorte waaraan hulle in vredestyd deelgeneem het.

Eenhede van die Kaap en Transvaal wat onlangs aan die slag van El Wak deelgeneem het, het in die loop van hierdie maand 'n bofbalwedstryd afgespeel."

Die Burger 28 Januarie 1941.

"Daar word elke week puik bofbal in die Skiereiland gesien."

"Cape Times" 28 Januarie 1941.

"Dit word vertel dat bofbal geesdriftiges op Rodebank nog nooit op beter klubbofbal getrakteer is nie, as gedurende die seisoen nie. Die besluit van die W.P.B.V. om aan te gaan met die spel op georganiseerde basis is dus heeltemal geregverdig."

Die Burger 28 Januarie 1941.

Mnr. Hayes (lid aan boord die seiljag, Yankee):- "Die peil van die spel wat ek op Rodebank gesien het staan ongeveer gelyk aan die in die halfberoepskringe in Amerika."

(Halfberoepskringe:- Werkende mense wat in hul vryetyd bofbal speel en dan daarvoor 'n geringe besoldiging ontvang.)

"Cape Argus" 1 Februarie 1941.

D. Newson:- "I'm an American tourist rushing through

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

South Africa and the other Saturday when I sat out in Rosebank Oval witnessing a Cape Town baseball game, the scene was very much like a game you might see of a Saturday afternoon anywhere in the U.S.A. They would not be serving tea and the Umpire would be dressed in black instead of white but the crowd would look the same. Even the rooting (you call it barracking) sounded like that of a game at home."

"Cape Times" 23 Augustus 1941.

"In die vervolg sal bofbal deel uitmaak van die kursus in liggaamsopvoeding op Stellenbosch."

Die Burger 30 September 1941.

"Krieket wek nie belangstelling vir die kinders nie en nou probeer hul bofbal op Worcester."

Die Burger 18 Desember 1941.

"Die Amerikaners het almal hul verbasing uitgespreek oor die gehalte van die bofbal wat deur die plaaslike spelers gelewer word.

Die bestuurder van die besoekende span het ons meegedeel dat sy span omtrent die Standaard het van 'n Amerikaanse Universiteitsspan."

Die Burger 17 September 1942.

"Geen bofbal op Rosebank vanjaar want die militêre gebruik die veld. Die W.P.B.V. is egter vasbeslote om te speel en 'n veld te kry."

Die Burger 8 Oktober 1942.

"Bofbal Unie nog sonder hoofkwartier. Kon Nuweland nie kry nie. As gevolg van die oorlog begin bofbalwedstryde nou skaars word."

Die Burger 20 November 1942.

"Studente bofbalspelers hou hulself besig op Stellenbosch.

Op Stellenbosch:- Privaat 27 Wilgenhof 15

Verlede Saterdag:- Skool 14 Wilgenhof 7

Op Groot Schuur:- Koshuise 13 Dagstudente 12."

Die Burger 2 Desember 1942.

"Bofbal vind 'n tuiste. Jonesveld op Mowbray gekry."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Cape Times" 15 Januarie 1943.

"Die W.P.B.V. het met baie moeilikhede te kampe gehad hierdie seisoen en dit was nie moontlik om aan te gaan soos gedurende die vorige 2 seisoene nie. Maar vasberadenheid om aan te gaan op 'n georganiseerde basis het gedeeltelik ~~xxxxxxxx~~ gehelp om die moeilikheid te oorkom, met die gevolg dat senior ligawedstryde nou gereeld gespeel word."

Die Burger 6 April 1943.

"Hoewel die W.P.B.V. dit gedurende die afgelope seisoen met heelwat moeilikhede te kampe gehad het, en die spel as gevolg daarvan nie juis die gewenste standard (~~gehalte~~ peil) bereik het nie, kan dit tog op een groot prestasie roem en dit is dat geen steen onaangeroerd gelaat het om wedstryde vir sy spelers te reël nie en die spel sodoende aan die lewe te hou nie."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 12.

GEVOLGTREKKING OOR ONTWIKKELING EN VORDERING WAT BOFBAL GEMAAK HET.

Dat Bofbal sedert die stigting in 1932,dus elf jaar gelede, gevorder hat en ook ontwikkel het, kan nie betwyfel word, hoewel die spel in die laaste paar jaar agteruit gegaan het as gevolg van die oorlog.

Die Vereeniging is op 27 Julie 1932 gestig, maar om net 'n vereeniging te hë was nie genoeg om 'n begin mee te maak nie. Dit was wel die eerste stap maar by ver nog nie die belanfrikste nie. Die spel self is en sal altyd tog die vernaamste wees.

In die opsig was ons gelukkig dat ons in die Kaap, met die stigting, persone gehad het wat reeds bekend was met die spel en wat self kon speel en hulle kon dus die instrument wees wat belangstelling by die publiek moes wek. Om net die name van 'n paar van die eerste spelers te noem; Stan Smith, Converse, Don M. Dalton, P. Elliot, en Dr. (Doc) Robinson. Hulle was persone wat natuurlik nie die enigste spelers was nie, maar hulle was al vertroud met die spel. Twee klubs kon dadelik op die been gebring word. Dit was Cumorah en Nomads en die twee spanne het dan ook ~~xertenwed~~ vertoonwedstryde gespeel om belangstelling te wek.

Die Cumorah span was saamgestel uit 'n klompie Amerikaanse sendelinge wat destyds in Kaapstad was (Stan Smith was een van hulle).

Om reeds in die begin sulke uitstekende spelers en spanne te hë, soos die geval was, het meer vir die spel beteken as wat met die eerste oogopslag besef kon word. Dit het beteken dat die spel self dadelik op 'n hoë peil gestel is, dat daar spelers was waarna die beginners kon opsien en wat die beginners kon help om die spel aan te leer en dat belangstelling by die publiek opgewek is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en wat meer is, die belangstelling laat bly het deur die goeie spel wat hul kon gesien het. Verder is dus redelike groot skares na die wedstryde gelok, wat dan ook die Vereeniging dadelik 'n finansiële stoot gegee het.

Ek twyfel nie een oomblik daaraan dat as ons nie destyds sulke uitstekende spelers gehad het nie, Bofbal nooit vandag sou gestaan het waar dit vandag is nie. Mikien sou ons glad nie meer vandag Bofbal alhier gespeel het nie.

Persone soos reeds genoem het die stigting bewerkstellig, maar dit was die spelers wat die spel laat vooruit gaan het sodat aan die einde van die eerste seisoen reeds 7 klubs met 9 spanne geaffilieer was aan die Vereeniging. Dit was natuurlik glad en geheel nie net die spelers wat die toestand te weeg gebring het nie. Sonder so'n ywerige Vereeniging sou natuurlik niks moontlik gewees het nie, maar ek beklemtoon tog meer die rol wat die spelers gespeel het.

Entoesiaste het na 'n paar wedstryde ingesien wat 'n aangename spel Bofbal is en jong spelers het begin kom en klubs is een na die ander gestig sodat so'n vooruitgang gemaak is dat dit reeds duidelik was dat dit gekom het om te bly en om een van ons gewildste somer sportsoorte te word.

Hoe gou Bofbal opgang gemaak het blyk duidelik uit die feit dat reeds gedurende die eerste seisoen 'n Interprovinsiale wedstryd teen Natal afgespeel is en dat Natal, wat toe reeds 4 seisoene al gespeel het, maar net met 5 lopies teen 4 gewen het. Van toe af is Interprovinsiale wedstryde gereeld elke seisoen teen Natal en Transvaal gespeel.

Soos die geval met alle ander sportsoorte, kan dit nie ontwikkel en vorder sonder dat dit op skole en op ons Universiteite gespeel word nie. Ons twee Suidelike Universiteite het gelukkig dadelik begin met die spel en gedurende die eerste seisoen reeds het U.K. 'n span op die been gehad en Stellenbosch het nie lank

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarna hul voorbeeld gevolg toe hul die volgende seisoen begin hey het met vriendskaplike wedstryde en in dieselfde seisoen het Bofbal ook begin op die H.J. Skool Seepunt. In die "Cape Times" van 13 April 1934 vind ons die volgende sin:- "It is certain that Baseball is to become one of South Africa's national games, it will have to look to the High Schools and the Universities". Die waarheid van hierdie woorde kan niemand betwis nie en vandag waar die oorlog so'n terugslag vir Bofbal is, vind ons dat die twee Universiteite U.S. en U.K.., die spel as sigself feitlik aan die lewe hou. Hulle is dan ook die enigste twee klubs wat vandag genoeg spelers het om meer as een span op die been te bring. Tot dusver het Bofbal nog feitlik g'n opgang op die skole gemaak nie. H.J. Skool Seepunt het begin speel en daarna het St. Joseph ook begin, maar op laasgenoemde skool kom dit egter nie tot ontplooing nie. Vandag ook vind ons dat H.J. Skool Seepunt nie meer speel nie en die enigste skool waar die spel nog beoefen word is op Worcester waar die Hoërskool, die Skool vir Dowes en die Drosdy met groot belangstelling en ywer die spel nog speel, danksy die groot ywer van Dr Walters. Dit is besonder jammer dat die spel nie op 'n groter mate op die skole posgevat het nie. Meeste van ons Suid-Afrikaanse seuns vind Krieket te dood en vervelig en dit is dan ook om die rede dat Bofbal op Worcester begin is. Bofbal kan ontmoontlik die plek inneem as een van ons nasionale sportsoorte tensy dit nie op die skole gespeel word nie. Vandag is dit uiters moeilik om toerusting te kry, maar ons kan maar net hoop dat Bofbal op meeste skole begin sal word na die oorlog.

As na die twee grafieke gekyk word is dit duidelik dat wat die klubs en spanne betref Bofbal definitief vordering gemaak het totdat die huidige oorlog uitgebreek het. Wat die klubs betref vind ons dat dit die tweede seisoen nie gevorder het nie, maar dan vinnig vermeerder totdat in die 1936-37 seisoen 'n hoogtepunt bereik word. Dan verminder dit met een die volgende seisoen om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

weer in die 1938-39 seisoen te vermeerder tot 14 wat dan ook die meeste aantal klubs is wat nog geaffilieer was aan die Westelike Provinsie Bofbal Vereeniging. Die volgende seisoen bly die aantal klubas dieselfde en dan verminder dit uiters vinnig totdat vandag minder klubs is as aan die end van die eerste seisoen.

As oor geheel gekyk word vind ons dat vordering gemaak is totdat die oorlog gekom het. Die eerste twee seisoene in die oorlog was nie juis ramspoedig nie, hoewel die stilstand in die vordering in die 1939-40 seisoen reeds 'n keerpunt aandui.

Wat die spanne betref vind ons feitlik dieselfde toestand behalwe net dat die aantal spanne in 1939-40 hul hoogtepunt bereik het en nie die jaar tevore nie.

Die daling in die aantal klubs in die 1937-38 seisoen en die daling in die aantal spanne die seisoen te vore skryf ek daaraan toe dat met die begin Bofbal iets nuuts was en gevoglik vinniger gevorder het as wat andersins die geval sou gewees het. Ons vind dat die daling en stilstand maar van korte duur was en dat Bofbal oor die gevaarlike fase gegaan het (die fase waar Bofbal as iets nuuts beskou word) sonder dat merkbare afbreuk aan die sportsoort gedoen is en dit dan ook gekom het om te bly voortbestaan, hoewel menige geesdriftige baie skepties staan oor die toekoms van Bofbal, noudat die oorlog so'n groot terugslag was. Solank die twee Universiteite egter nog klubs en spanne het, sal dit die oorlog kan deurleef en dit is absoluut 'n saak van sekerheid.

As na die Interprovinsiale wedstryde gekyk word, kan g'n definitiewe idee gekry word of die standaar van ons Bofbal hier gevorder het nie. Dit is egter logies dat Natal en Transvaal ook ook verbeter en dat ons dus kan aanneem dat die spelpeil verhoog het. Die wyse waarop Transvaal egter vir die W.P. in 1936 kafgeloop het, wys egter dat die spel hier toe op 'n lae standaard was. Dit het egter vinnig verbeter sodat in 1938 Transvaal maar net met 3 lopies teen i kon wen, en dit was die sterkste span wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

op daardie datum deur Transvaal kon bymekaar gebring word.

As ons nou die menings van persone moet neem kry ons dat die standaard wel verhoog het soos verwag kon word. Eers was hier net 'n klompie goeie spelers en gevolglik kon 'n W.P. span goeie rekenskap van hulleself gee. In 1935 toe die W.P.span goed vertoon het teen Natal en Transvaal, vind ons dat die "Cape Argus" die volgende skryf:- "There is no such thing as ,form' these days. Every week the forcasts are upset". Dit wys duidelik dat die spanne nou taamlik gelyk was en dus die spelpeil oor die algemeen verhoog het.

In 1937 skryf die "Cape Times" as volg: "Ek is oortuig daarvan dat as Stan Smith vandag die gooier se plek moes inneem op die plaat, die veldwerkers net so besig gehou sou word as wat op die oomblik die geval is". Hieruit kan duidelik afgelei word dat die kolfwerk van die spelers baie verbeter het en dat hul net so goed sou gevaar het teen so 'n goeie gooier as Stan Smith.

In dieselfde jaar skryf die "Cape Argus dan ook direk dat die standaard van Bofbal baie verbeter het en dat foute min en ver uitmekaar is.

Ons Bofbal in die W.P. was van die begin af op dieselfde standaard as die in Johannesburg en Durban, maar ons het nog g'n idee gehad van hoe dit sou vergelyk met Bofbal in Amerika nie. In 1938 was 'n Amerikaanse Vlootspan hier en nadat hul opgetree het teen 'n gekombineerde Kaapstadse span was hul breier Mnr Goshorn aangenaam verras deur die gehalte van ons Bofbal alhier. Met 'n bietjie meer oefening en kennis van die fyner puntjies van die spel behoort Kaapstad maklik enige Kollegespan van Amerika die hoof te bied, het hy verklaar en ook gesë dat ons te laat die spel begin leer. Dit wys dus weer dat Bofbal op die skole begin moet word, as dit enigsins wil vooruitgaan om gunstig met die spel in Amerika te vergelyk.

In die "Cape Times van 28 Januarie 1941 vind ons die volgende:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"Dit word vertel dat Bofbal geesdriftiges op Rosebank nog nooit op beter klubbofbal getrakteer is nie as gedurende die seisoen nie". Dit wys weer duidelik dat die gehalte van die spel gaande weg verbeter het en om dit definitief te bewys kan ons kyk na wat 'n Amerikaner van ons Bofbal sê; 'n Mnr Hayes het in 'n onderhoud aan die Burger in dieselfde maand nl. Januarie 1941 verklaar dat ons Bofbal hier ongeveer gelyk staan aan die in die Halfberoepskringe in Amerika.

Aan die einde van dieselfde jaar was 'n Amerikaanse span hier en het met 7 lopies teen 8 teen 'n W.P. span verloor en die bestuurder van die besoekende span het dan ook sy verbasing uitgespreek oor die gehalte van ons Bofbal alhier. Sy span, het hy verklaar, staan gelyk aan die van 'n Amerikaanse Universiteit.

'n U.S. toerspan was toe net op toer na die Oostelike Provinsie waar hul dan ook teen 'n span van O.P. gespeel het en daarin geslaag het om met 7 lopies teen 5 te wen. Die O.P. span was feitlik dieselfde as die wat die W.P. in 1939 met 3 lopies teen 1 geklop het. Een van die O.P. spelers wat kort te vore uit Amerika gekom het, het dan ook verklaar dat die gehalte van ons Bofbal vergelyk kan word met die van 'n Universiteit span in Amerika.

Die oorlog het egter ook begin afbreuk doen aan die gehalte van die spel en teen die einde van die laaste seisoen skryf die Burger dat die spel nie juis die gewenste gehalte bereik het nie. Baie van die veste spelers was egter op aktiewe diens en baie ander het dit moeilik gevind om gereeld te oefen.

Alles in aanmerking geneem kan met sekerheid gesê word dat Bofbal definitief baie vordering gemaak het sedert die begin in 1932 totdat die oorlog begin afbreuk doen het aan die spel. Die gehalte van die spel het gaandeweg verbeter, die aantal klubs en spanne het aldeur vermeerder en die aan-tal spelers self het vermeerder totdat daar in 1939 byna 600 gerigistreer was aan die W.P.B.V.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Suid-Afrikaanse Bofbalraad wat in Desember 1934 in die lewe geroep is het 'n paar jaar gelede al sy fondse aan die verskillende vereenigings gegee en hoewel dit nie offisieël ontbind is nie, fungeer dit nie meer nie en kan dit as dood beskou word (vogens Mnr Geo Williams wat al die papiere van die S.A. Bofbalraad in sy besit het).

Die Afrikaanse koerante het eers ook die Engelse benameing "Baseball" gebruik en sover ek kon uitvind was die woord Bofbal vir die eerste keer gebruik in "Die Burger" van 1 November 1933.

Die grootste telling wat tot dusver hier in 'n Bofbal wedstryd aangeteken is was in November 1933 toe Seepunt A vir Liesbeeckpark A met 48 lopies teen 4 geklop het, (Verkry uit die Burger van November 1933).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 13.

WAARDE VAN BOFBAL AS SPEL IN DIE ALGEMEEN EN AS SKOOLSPEL.

Waarde.

Bofbal is 'n spel en wat meer is, dus 'n spanspel. Ons neem deel aan spele omdat dit nie alleen ontspanning en oefening gee nie, maar ook om ander redes wat dikwels oor die hoof gesien word. Hier volg 'n paar wat dikwels nie in aanmerking geneem word nie.

Dit is 'n aangebore drang of eienskap van die mens om te wil presteer en om aan 'n spanspel te dink waar indiwiduele prestasie duideliker op die voorgrond tree is haas onmoontlik. Die telling kaarte is so saamgestel dat dit amper moontlik is om 'n wedstryd te sien as daar na die telling kaart gekyk word. Elke fout van elke speler word b.v. aangeteken en daarby ook nog waar en wanneer die fout gemaak is, hoeveel keer hy misgeslaan het ens., word alles aangeteken. Elke speler se prestasie in elke wedstryd word dus aangeteken. Die spel is dus baie indiwidualisties, maar tog is dit 'n spanspel waar samespel absoluut noodsaaklik is.

Vriendskappe word gesmee met spanmaats, nuwe vriende word gemaak deur in aanraking te kom met spelers van ander spanne - dus soaiaal is bofbal baie aanneemlik.

Bofbal is 'n beweeglike spel en is nie te lank nie('n wedstryd duur gewoonlik omtrent 'n uur en 'n half). 'n Wedstryd bestaan uit 9 beurte vir elke span en na elke beurt wissel die spanne. Ons sien dus dat bofbal goeie oefening bied en nie 'n vermoeiende spel is nie daar die spanne wissel na elke beurt en sodoende kry die spelers kans om te rus.

Dit is 'n spel wat goeie oog en hand koördinasie bevorder. Dit is ook vinnig en die spelers moet uiters gou dink voordat gespeel word en dit het definitiewe voordele. Die spelers leer dus om oombliklik 'n beslissing te maak. Dit is 'n spel waar sportmanskap definitief aangekweek word. Spelers leer om die uitjouery, geskree en slegsêery van die teenstanders te verdra en om nie kwaad te word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Mens voel baie keer lus om uiting te gee aan 'n drang deur te raas ens. en niemand sal 'n mens kwalik neem as geraas en geskree word op 'n bofbalveld nie.

Ons sien dus dat bofbal glad en geheel nie 'n vervelige spel is nie en dus uiters nuttige ontspanning bied.

Bogenoemde redes geld natuurlik ook almal as ek die redes gee waarom ek bofbal aanbeveel vir elke skool. Daar is egter nog verskeie redes wat bygevoeg moet word.

(1) Dit is 'n somerspel en sal dus nie bots met ons nasionale spel - Rugby - nie.

(2) 'n Spesiale bofbalveld is nie nodig nie, daar dit op elke rugbyveld gespeel kan word en elke skool het so 'n veld tot hul beskikking. Enigé rugbyveld is groot genoeg vir bofbal.

(3) Die spel is nie duur nie. Skoolseuns kan in hul rugby-klere speel en verder moet 'n stel handskoene, kolwe m.a.w. toerusting vir een span, sal genoeg wees vir die hele skool en dit kan jare gebruik word.

(4) Die spel word gespeel op een veld en een span kan dus nie voordeel trek bo 'n ander span as daar 'n wind waai of soiets nie.

(5) Dit maak nie saak hoe die rugbyveld geleë is nie; die bofbalveld kan altyd so uitgelê word dat die son nie in die spelers se gesigte skyn nie.

(6) Kinders is altyd geneig om luidrugtig te wees by 'n spelery en hier bied bofbal hul 'n geleentheid wat min ander spele hul kan ge Dit geld nie alleen vir die spelers nie, maar ook vir die toeskouers.

(7) Dit is 'n interessante spel om te aanskou en sal nie die toeskouer of spelers verveel nie soos meeste van ons Suid-Afrikaanse seuns b.v. krieket vind nie. Dit is baie korter en lewendiger as krieket.

(8) Dit is nie baie moeilik om bofbal aan te leer nie. Hoewel dit baie oefening kos om 'n eersterangse speler te word, kan bofbal redelik goed met min oefening gespeel word.

(9) Die gevaar van groot beserings is hier baie gering.

Om die redes sal ek bofbal aanbeveel an 'n spel wat op die skole ingevoer moet word.